**19 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 16:19**

## Die sleutels van die hemel

Het jy geweet die deure van die hemel sit hier op aarde? Die Here Jesus gee die sleutels vir sy koninkryk aan Petrus en die ander dissipels (Matt. 18:18), en deur hulle aan sy ganse kerk, ook aan my en jou. Met hierdie sleutels word die hemel vir mense hier op aarde oop- of toegesluit.

Hoe gebeur dit ? Die sleutels wat die hemel oop- of toesluit, is die suiwer verkondiging van die evangeliewoord en die kerklike ban of tug. Waar die evangelie suiwer verkondig word en die tug in liefde toegepas word, knars die sleutels in die slot van die koninkryk van die hemele.

Die eerste sleutel, waar die Woord suiwer verkondig word, sluit die hemel oop as jy gelowig die Blye Boodskap van Christus se verlossingswerk aanvaar. Die deure van die hemel gaan egter vir jou toe as jy die Woord verwerp. Die kerklike tug begin by elke gelowige (Matt. 18:15, 16). Dit kan gebeur dat lidmate nie luister na die wekroepe van gelowiges met die Woord om hulle te bekeer nie, dan sê hulle dit vir die kerkraad wat dan met die kerklike vermaning en tug voortgaan. As so ’n mens hom of haar nie bekeer nie, kom die trappe van afsnyding in werking. By volhardende ongehoorsaamheid kan die deure van die hemel ook met die ban of afsnyding uit ’n gemeente toegesluit word.

’n Mens sidder eintlik as jy dink aan die groot verantwoordelikheid wat Christus op sy kerk lê. Ons moet sy Woord en sy gesag bedien. Die vraag is net: Hoe gebruik jy die sleutels wat Christus aan jou toevertrou het ? Sluit jy oop en toe, of word jy uitgesluit?

*Sing: Skrifberyming 15-7:1, 4, 5*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*